Epos: info@kabouterland.co.za / admin@kabouterland.co.za
Blaauwklippenweg, Paradyskloof, Stellenbosch, 7600
www.kabouterland.co.za

Ons missie en visie by Kabouterland is om 'n liefdevolle omgewing te skep waar kinders lus voel om te leer en teen hulle eie tempo kan ontwikkel.
Sekuriteit is essensieël vir 'n kind se emosionele ontwikkeling en ons bied dit graag deur die nodige struktuur, roetine en liefde te bied. Indien kinders gelukkig voel is hulle soveel meer ontvanklik om te leer en te groei; fisies en emosioneel.
Elke kabouter is uniek en spesiaal en ons wil graag hê dat hulle dit hier moet ervaar, sodat hulle speel-speel kan leer en selfstandig raak.
Ons dra elke kindjie en ouer se veiligheid en welstand op aan ons Liewe Vader wat ons elke dag krag gee om hierdie belangrike werk met liefde, passie en insig te bly doen.

## Algemene skoolreëls

- Ons deure open om 07:00. Ons het wel 'n wagklas opsie vanaf 06:40 teen 'n ekstra fooi van
  R250 p/m, ongeag hoeveel keer u daarvan gebruik wil maak. Ouers moet asseblief hul kinders by 'n personeellid aflaai en onder geen omstandighede alleen in 'n klas los nie.
- Die skool sluit om 17:30. Dit is elke ouer se verantwoordelikheid om die kantoor en/of klasonderwyseres te laat weet indien iemand anders u kind kom haal.
- Ons maak gebruik van 'n vingerafdrukstelsel om by ons perseel in en uit te beweeg. Maak asseblief seker dat die hek deeglik toe is wanneer u inkom of uitgaan.
- Ons maak staat op ons ouers om ons vroegtydig te laat weet indien u gaan laat wees om u kind te kom haal.
- Etes en verversings word aan die kinders verskaf deur die loop van die dag.
- Kabouterland is deurlopend oop deur die jaar. Ons is wel gesluit op publieke vakansiedae, sowel as vir twee en 'n half weke oor die feesseisoen in Desember / Januarie.
- Ons het 'n Kabouterland Instagram en Facebook blad waarop ons inligting deel en wat oop is vir enige iemand.
- Kabouterland het 'n algemene whatsapp groep vir die ouers waarop belangrike inligting op kort kennisgewing gedeel word. Ons gebruik egter die Child Cloud app om belangrike boodskappe, geleenthede en foto's met die ouers te deel.

## Daaglikse roetine

- **Babas:** Die babas se daaglikse roetine bestaan uit verskeie stimulerende aktiwiteite wat by die babas se vermoëns en behoeftes aanpas, soos spel met opvoedkundige speelgoed, musiek en buitespel (indien die weer dit toelaat). Vanaf 8 maande af skrabbel en verf ons al, speel met klei en ook ander sensoriese speletjies. Slaaptye word ingeruim volgens die babas se individuele behoeftes - dit bestaan gewoonlik uit 'n oggendslapie, middagslapie en in die namiddag ook 'n slapie. Namate hul ouer word, word van die slapies weggeneem.

- **Kleuters:** Die kleuters se daaglikse program bestaan uit verskeie vryspel en / of gestruktureerde aktiwiteite. Dit sluit onder andere in: verf, teken, knip, plak, sing, musiekaktiwiteite, liggaamsoefeninge en spel (onder toesig) met opvoedkundige speelgoed. 'n Spesifieke tema word weekliks gevolg en ouers word aangemoedig om dit met die kabouters te bespreek. Die beplanning vir die temas word op Child Cloud met julle gedeel onder "Documents" en 'n kopie daarvan word opgesit buite elke klasdeur. Een spesifieke Godsdienstema word ook weekliks gevolg. Etenstyd is 12:30 en rustyd volg kort daarna tot 14:15. Die meeste kinders slaap gedurende hierdie tyd of lê net rustig. Die ouer kinders gaan lê 'n bietjie later as die jonger kinders. Almal is teen 13:00 rustig.

## Verversings en maaltye

- Ontbyt word bedien tussen 08:00 en 08:30. Indien u vooraf weet u gaan nie betyds wees vir pap nie, of u kind hou nie van die pap wat die skool aanbied nie, vra ons dat u kind asseblief tuis ontbyt sal eet.
- Die kinders word voorsien van tee / water deur die loop van die dag.
- Party klasse bring kosblikkies. Dit is bloot 'n aanvulling op die broodjies wat ons reeds voorsien en moet asseblief gesond wees (geen lekkers, kougom en gaskoeldrank)
- Gaan loer gerus na ons aanlyn winkel na die "Smaakboks". Dit verskaf kosblikke vir ouers wat dalk nie tyd kry daarvoor nie of waar mamma of pappa dalk vir 'n ruk weg is vir besigheid ens. Die kosblikkies is R50-00 elk of jul kan 'n maand s'n bestel teen R975 vir die maand. Bestellings kan geplaas word op www.kabouterland.co.za by ons aanlynwinkel.
- Middagete word voorberei volgens die Departement van Gesondheid en Welsyn se voorskrifte. Die spyskaart word twee-weekliks uitgewerk en is beskikbaar in elke klas, sowel as by die kantoor.
- Gedurende die namiddag word daar poeding en broodjies verskaf.
- Ons wil dit net onder u aandag bring dat 'n groot deel van die kind se voedingsbehoeftes bedags aan hom/haar voorsien sal word. Dit bly egter belangrik dat hy/sy saans steeds 'n voedsame maal tuis geniet.
- Ons het baie empatie met kinders wie allergieë het en sal ons bes doen om hulle te akkommodeer.
- Kinders met spesiale eetbehoeftes se ouers moet self kos voorsien.
- Die kinders word op Vrydae bederf met "snoepie" Hulle bring elkeen R5 en kan dan ietsie lekkers koop by ons winkeltjie.

## Fooie en tariewe

1. **Voldagsorg vir kleuters en babas (Hierdie opsie sluit ontbyt, verversings, middagete, middagslapie en namiddag verversings in.)**

- R2500 eenmalige inskrywingsfooi
- R5200 per maand
- R4800 per maand - 2de, 3de kind (slegs beskikbaar vir voldagkinders)

2. **Oggendsorg tot 12:00 vir kleuters en babas (dit sluit ontbyt en oggendverversings in)**

- R2500 eenmalige inskrywingsfooi
- R3400 per maand

3. **Halfdagsorg tot 14:00 vir kleuters en babas (dit sluit ontbyt, verversings, middagete en middagslapie in)**

- R2500 eenmalige inskrywingsfooi
- R4450 per maand

Kinders wat later as 14:00 by Kabouterland bly, val outomaties in die voldag kategorie. Skoolrekeninge word hanteer deur ons boekhouer Jacolien Rabie. Kontak haar gerus by accounts@kabouterland.co.za indien u enige navrae het.

4. **Nasorg**

- R2500 eenmalige inskrywingsfooi
- Die Nasorgopsie is slegs vir kinders van Gr. R tot Gr. 3
- Fooie: R2100 per maand.
- Dit sluit vervoer vanaf Rhenish of Eikestad na Kabouterland, sowel as middagete en namiddag verversings in. Laat weet asseblief betyds indien u kind die dag nie Kabouterland toe kom nie, of 'n verandering in sy/haar skedule het.
- Dit sluit ook vervoer in na en van buitemuurse aktiwiteite wat by Rhenish of Eikestad plaasvind.
- Die Nasorgkinders is welkom om tydens skoolvakansies vir die hele dag Kabouterland toe te kom. Register word dan gehou van die aantal dae wat hulle voldag hier was. Die hoeveelheid oggende x R80 per oggend word dan by u volgende faktuur gevoeg.
- Geld vir uit-/instappies en ander ekstra aktiwiteite is nie by hierdie bedrag ingesluit nie.

5. **Wagklas**

- Die wagklas is beskikbaar vanaf 06:40 elke oggend @ R250 per maand, ongeag die hoeveelheid kere wat u daarvan gebruik maak.
- Enige kind wat voor 07:00 afgelaai word, gaan outomaties na die wagklas. Die bedrag word dan by die volgende maand se rekening gehef.

**Bepalings en Voorwaardes rakende fooie**

- Skoolfooie is betaalbaar vir **12 maande** van die jaar. Dit sluit die twee en 'n half weke wat ons oor die feesseisoen gesluit is in, sowel as enige tyd wat die kind nie by die skool is nie.
- Indien u besluit om u kind nie langer by Kabouterland te hou nie, moet u **een kalendermaand kennis** gee, anders word u verantwoordelik gehou vir die volle tarief. **Indien u kind Kabouterland vir 9 maande van die jaar bywoon, is u verantwoordelik vir 12 maande se skoolfooie. U word nie vrygestel van skoolfooie indien u kennis gee op 1 Oktober of 1 November nie.**
- Let wel dat daar boetes betaalbaar is indien u, u kind later as 17:30 kom haal. Die boete beloop R50 per uur of gedeelte van 'n uur.
- Fooie is **vooruitbetaalbaar voor of op die 7de dag** van elke maand.
- U is verantwoordelik vir elke maand se volle skoolfooi, ongeag die hoeveelheid dae wat u kind die skooltjie bywoon.
- Fooie is betaalbaar in kontant of deur middel van elektroniese bankdienste. Maak asseblief u gebruik die regte verwysing wanneer u die skoolfooi vereffen.
- Rente van prima koers word gehef op rekeninge wat na die 10de van 'n spesifieke maand agterstallig is.

- Indien 'n rekening langer as 60 dae agterstallig is, sal die kind ongelukkig nie toegelaat word om die volgende kalendermaand Kabouterland by te woon, voordat die bedrag ten volle betaal is nie.
- Ons fooie verhoog jaarliks op 1 Januarie.

## Algemene reëls rondom gesondheidsbestuur

- Indien enige kinders medikasie deur die dag moet ontvang, moet die ouers asseblief die besonderhede in die betrokke klas se medikasieboek invul. Geen medikasie mag toegedien word indien dit nie in die boek aangeteken is nie.
- Sou dit ooit nodig wees vir ons om medikasie hier toe te dien, sal die ouer eers geskakel word om toestemming te verkry. Dit sal dan ook in die medikasieboek aangeteken word, waarby die ouer later moet teken, sowel as op Child Cloud.
- Medikasie moet asseblief duidelik gemerk wees en aan die versorger oorhandig word. Moet asseblief geensins medikasie in u kind se sak los nie.
- Ons is bereid om siek kinders by die skool te akkommodeer, mits dit nie aansteeklik is of ongerief vir die onderwyseres of ander klasmaats inhou nie.
- Kinders met gevaarlike of aansteeklike siektes mag ongelukkig nie skool bywoon nie. Ander reëlings moet dan asseblief getref word vir die versorging van u kind. Ons vra ook dat julle die skool sal verwittig indien u kind 'n aansteeklike siekte het. Wanneer u kind 'n hoë koors het, sal ons u skakel om hom / haar te kom haal.
- Kinders **moet 24 uur koorsvry wees** voordat hulle mag terugkeer skool toe.
- In die geval waar dit vir ons nodig is om 'n dokter se hulp in te roep, sal die ouer die koste daarvan dra.
- Dit is baie belangrik vir ons om te weet van enige emosionele / fisiese trauma wat u kind al deurgegaan het of tans deurgaan. Dit sal dit vir ons moontlik maak om na die beste van ons vermoë na sy/haar behoeftes om te sien.

## Buitemuurse aktiwiteite

Hierdie is ekstra aktiwiteite wat bo en behalwe Kabouterland se aktiwiteite aangebied word. Daar is verskillende aktiwiteite waaraan die kleuters deelneem. Hierdie aktiwiteite is verpligtend vir almal en vorm deel van elke dag se daaglikse roetine. Aangesien alle kinders aan die aktiwiteite deelneem, het ons 'n reëling met die afrigters vir 'n verminderde tarief. Alle betalings en/of kommunikasie word direk aan die afrigters gedoen. Dit word verkies dat betalings vir hierdie aktiwiteite elektronies aan elke afrigter betaal word.

* Hier volg 'n lys van alle aktiwiteite wat by Kabouterland aangebied word:

### Verpligtend

- **Playball:** R335 per kind per kwartaal (Eendjies, Pikkewyne, Hasies, Bytjies, Muise en Ladybirds) Hierdie aktiwiteit fokus op sport- en balvaardighede. Careen du Toit - 082 825 9779
- **Monkeynastix:** R335 per kind per kwartaal, daar is aan die begin van die jaar 'n klein registrasiefooi betaalbaar. (Eendjies, Pikkewyne, Hasies, Bytjies, Muise en Ladybirds) Hierdie aktiwiteit fokus grotendeels op liggaams-bewustheid, balans en spiertonus. Anke Uys - 079 937 9534

**Opsioneel -** Die volle fooi is vir hierdie aktiwiteite betaalbaar en word bepaal deur die betrokke individu wat dit aanbied.

- **Ruggaroots** (Rugby) vaardigheidsontwikkeling: info@ruggaroots.co.za - Raymond Henwick 079 947 1028
- **DanceMouse en Ballet:** www.dmdanceco.com - Liezl Munro 071 480 8132
- **Wicket Cricket:** helderberg@wicketcricket.co.za - Dylan Lucas 064 995 9417
- **Spraakterapie:** www.slabbertspeechtherapy.co.za - Ronelle Slabbert 073 172 3180
- **Arbeidsterapie:** anjo@absamail.co.za - Anjo du Preez 083 309 5474
- **Karate:** Francois du Plessis - admin@fdupkarate.co.za - 021 - 976 3914
- **Fisioterapie:** Liesel Els - www.physioforkids.co.za / liesel.els@gmail.com / 083 381 4907

**Buitemuurse aktiwiteite aangebied deur Kabouterland (Gratis)**
- 'n **Musiek en bewegingsprogram**, uitgewerk volgens elke week se tema.
- **Know the Lingo (Xhosa klassies)** - Die basiese woordeskat word geleer deur prettige aktiwiteite.
- **Slim Kabouter** - Tannie Vasthi Hoon (die 4-jariges se onderwyseres) werk elke week vir ons 'n Wetenskap en Wiskunde gebaseerde les uit volgens die week se tema.

Algemene reëlings

- Alle persoonlike items van die kinders moet asseblief duidelik gemerk word.
- Geen besittings van die skool mag huis toe geneem word nie en ons vra mooi dat kinders nie items / speelgoed van die huis af skool toe bring nie. Ons kan ongelukkig nie enige verlore / gebreekte items vervang nie.
- Verjaarsdae is baie spesiaal vir die kabouters en ons geniet dit om dit saam met hulle te vier. Julle is welkom om 'n klaspartytjie te reël en ook self die partytjie by te woon. Reëlings moet asseblief vooraf met die betrokke klasonderwyseres getref word. Gaan loer gerus op ons webtuiste, www.kabouterland.co.za , na ons "Partytjies" opsie. Julle kan kies uit 'n verskeidenheid pakette wat elke sak en smaak pas en ons neem dan die harde werk namens julle oor. Kontak gerus vir Kerry McAlister by kerry@kabouterland.co.za indien julle enige vrae het rakende die partytjies.
- Aan die einde van elke kwartaal word daar terugvoering gegee rondom u kind se ontwikkeling en ook oor aktiwiteite en temas wat in die klas aangebied is. Aan die einde van die eerste kwartaal ontvang u 'n brief met algemene kommentaar oor u kind se aanpassing en ontwikkeling, 2de kwartaal ontvang u 'n formele vorderingsverslag, die 3de kwartaal kry u die geleentheid om 'n afspraak met u kind se juffrou te maak en aan die einde van die 4de kwartaal kry u weer 'n volledige evalueringsverslag.
- 'n Ouervergadering word aan die begin van die jaar gehou. Hier word belangrike reëlings rondom hul klasopset bespreek. Indien u na die vergaderings nog enige verdere vrae het, kan u gerus kom aanklop by die kantoor, ons deur staan altyd vir julle oop.
- Een van die hoogtepunte van die jaar en ons grootste fondsinsamelingsprojek, is ons kermis. Hier kry elke klas die geleentheid om 'n stalletjie te behartig waar daar lekker goedjies verkoop word of waar die kinders net pret kan hê. Die kermis vind gewoonlik vroeg in die jaar plaas en geld ook as 'n "leer ken mekaar" geleentheid.
- Ons jaarlikse kunsuitstalling is nog een van die hoogtepunte op ons kalender. Tydens hierdie geleentheid stal ons oulike kunswerke van die kinders uit.
- Gedurende die 3de kwartaal hou ons, ons jaarlikse konsert. Dit is 'n ontspanne geleentheid wat deur oud en jonk geniet word.

- Aan die einde van die jaar kom kuier Kersvader by Kabouterland in skooltyd. By hierdie geleentheid word daar 'n geskenkie aan elke kind uitgedeel.
- Ons daaglikse roetine bly deur skoolvakansies dieselfde, maar die atmosfeer is meer ontspanne en daar word nie 'n spesifieke tema aangebied nie. Ons gebruik skoolvakansies om uitstappies of lekker aktiwiteite by die skool te reël.
- Kabouterland sluit vir ongeveer 2½ weke oor Kersfees en Nuwe jaar.
- Ons verwelkom enige afvalmateriaal wat ons kan gebruik vir kreatiewe werkies in die klas.

**Let wel dat ek nie altyd beskikbaar is nie. U is welkom om enige tyd gedurende die week 'n afspraak met Kim Wiese of Anneke Le Grange te maak, of indien u spesifiek met my wil praat, kan u 'n afspraak reël met my. Kim is in beheer wanneer ek nie beskikbaar is nie. My personeel is ten volle gekwalifiseerd om na u kinders om te sien. Ons gee ons absolute bes om seker te maak u kind ontvang die liefde en stimulasie wat hom / haar toekom. Ons strewe daarna om ons gemeenskap te dien deur diens van uitstaande gehalte aan te bied in 'n uitsonderlike instansie. Julle kan ons ideaal ondersteun deur probleme met ons te kom bespreek en opbouende kritiek te lewer.**

Reana Brink - 0827831385 Kim Wiese - 0741795010 Anneke Le Grange - 0768154932

*Markus 10:16 "Hy het Sy arms om die kindertjies gesit en hulle die hande opgelê en hulle geseën"*